13 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-58**

Die opstanding uit die dood (2)

Vrae wat opstandingsgeloof moeilik maak is vrae oor hoe mens anderkant die graf sou lyk? Sal ons mekaar herken? Gaan ons dalk engele word of liggaamlose wesens of dalk sterre? (Ig is ‘n heidense idee wat sommige Christene aan kinders voorhou).

Paulus gebruik drie illustrasies om iets van die misterie van ons opstandingsliggaam duidelik te maak: saad, vleis en sterre (verse 37-41). Al drie stel dieselfde punt: daar is kontinuïteit én diskontinuïteit (voortgang én onderbreking) tussen ons natuurlike en geestelike liggame. Saad en vrug bly van dieselfde soort (koring bly koring) maar lyk terselfdertyd heeltemal verskillend van mekaar (‘n koringkorrel lyk anders as sy halm). Ons natuurlike liggaam moet eers sterf (die saad) om in ‘n geestelike liggaam omskep te word (die halm). En hierdie omskepping doen God op ‘n wonderlike wyse: Hy maak die verganklike onverganklik (verse 42-44).

Belangriker as hoe ons opstandingsliggaam presies geskep gaan word en hoe dit gaan lyk, is egter die beteken daarvan vir ons hier en nou.

Daar is twee dinge waaraan jy moet vashou:

trek die dood se angel naamlik sonde, uit (verse 54-57) en

gee sin aan jou werk op aarde (vers 58).

Dit is soos met die uitsien na ‘n geliefde se kuier (jou kind van ver af, ‘n ou vriend, jou ouers): dit sit vlyt in jou hande, polsing in jou dagtaak, lig in jou oë, wip in jou stap.

En daar is nuwe waardering daarin om te dink dat die Here my só liefhet dat Hy my van kop tot tone gaan herskep!

Sing: Skrifberyming 30:4-6 Ds J Botha (Laeveld)